**Sondag 5 November**
**Skrifgedeelte: Deut. 23:15-25**
**Fokusgedeelte: Deut. 23:15 en 16**
**Verhouding met die ekonomiese wêreld (1): Arbeid en slawerny**
Moses gee in Deuteronomium vir Israel ’n voëlvlug oor die geskiedenis sedert die uittog uit Egipte voor hulle die beloofde land inneem. Hy herhaal ook die wet wat hulle ontvang het – vir Israel meer as net die tien gebooie. Hulle ontvang ’n omvangryke seremoniële wet wat in Christus vervul is. Verder gee die wet vir Israel lewensvoorskrifte vir hulle eie omstandighede.
Duisende jare later is ons omstandighede verskillend – tog moet ons eerlik probeer om die onderliggende beginsels vas te stel wat vir ons van belang is. In ons fokusverse kom die verskynsel van slawerny voor, wat lank deel van die wêreld se ekonomie was. Mense wat voltyds vir ’n salaris werk, is ’n onlangse ontwikkeling en meeste werk is deur slawe gedoen. Selfs geskoolde werkers, soos dokters, was slawe. Alle slawe was nie gebore in slawerny nie. Mense in oorlogstyd is weggevoer as slawe en gesinne kon as slawe verkoop word om skuld te delg.
Die Bybel keur slawerny nie goed nie. Die verskynsel was ingebed in die ontstaanstyd van die Bybel. Daarom wil die wet die lot van slawe versag. ’n Wegloopslaaf – waarskynlik ’n familielid of volksgenoot of ’n Kanaäniet wat vlug vir die wreedheid van die omringende volke – moet ontvang en veilig gehou moet word en nie na sy eienaar teruggestuur word nie. Die liefdesgebod, ook teenoor slawe, is die onderliggende beginsel van die opdrag.
In die Nuwe Testament (Efesiërs, Kolossense, 1 Petrus) word slawerny ’n metafoor vir arbeid. Christus verander ons werk van ’n vloek na ’n roeping deur die Gees. Dit het ook vir werkgewers betekenis. Efesiërs 4:1 sê gelowige base moet hulle slawe regverdig behandel, want hulle het ook ’n Baas in die hemel. As werkgewers, byvoorbeeld van ’n tuinier of huishulp, moet ons die liefdesgebod van Christus, onder leiding van die Heilige Gees, uitleef.
*Sing: Psalm 49-2:1-4*
*Ds. AP Tredoux (Alwyn) (Kemptonpark-Noord)*